

Die Heilige Gees en die gawes van die Gees



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:

1 Korintiërs 12:4-7, 11; Efesiërs 4:7; 1 Korintiërs 12:14-31; Romeine 12:3-8; 1 Johannes 4:1-3.

Geheeteks:

“Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bediening, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk” (1 Korintiërs 12:4-6).

’n Man wat op ‘n lang sakereis vertrek het, het sy seun tuis in beheer van die huishouding agtergelaat, en met ‘n spesifieke taak om te verrig. Maar die seun het gou beseft dat sy vader hom nie met die nodige middele en gereedskap gelos het om die taak te voltooi nie. Gefrustreerd, het die seun die taak toe onvoltooid gelos. Op dieselfde wyse het Jesus sy dissipels agtergelaat toe Hy na sy Vader in die hemel opgevaar het. Hy het hulle ‘n spesifieke opdrag gegee: verkondig die goeie nuus van die evangelie aan die wêreld. Maar Jesus het nie sy dissipels met leë hande gelos nie. Toe Hy hulle die opdrag gegee het, het Hy hulle ook die vermoë gegee om te werk, maar in sy Naam en deur die krag en hulp van die Heilige Gees. In 1 Korintiërs 1:4-7 spreek Paulus sy dank uit: “vir die genade van God wat aan julle in Christus Jesus gegee is, dat julle in alle opsigte in Hom ryk gemaak is . . . sodat julle in geen enkele genadegawe agterstaan nie.” Geestelike gawes word deur die Heilige Gees in Christus gegee om sy kerk te bou. Hierdie week bestudeer ons die Heilige Gees as die Soewereine Gewer van God se merkwaardige gawes. Ons gaan kyk na die verskil tussen die vrug van die Gees en die gawes van die Gees.

*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 25 Februarie.

Die vrug van die Gees en die gawes van die Gees

Die vrug van die Gees en die gawes van die Gees het dieselfde Outeur. En tog is hulle nie dieselfde nie. Daar word nie van almal vereis om 'n gawe van die Gees te openbaar nie, maar elkeen behoort die vrug van die Gees te openbaar. Geestelike gawes is nie noodwendig 'n getuienis van geestelike nie, maar die vrug van die Gees is wel. Alhoewel daar net een vrug is, is daar veelvuldige gawes, en sommige is groter as ander.

Lees 1 Korintiërs 12:4-7, 11. Wat is die kern van wat Paulus hier leer?

Alhoewel alle aspekte van die vrug van die Gees deur God ontwerp is om sigbaar in die lewens van al sy volgelinge te wees, is dit ook so dat nie elke gelowige dieselfde gawe of gawes besit nie. Daar is geen opdrag wat bepaal dat ons almal een besondere gawe moet besit nie, soos die spreek van tale. Intendeel, God het op 'n oppermagtige wyse sy gelowiges met verskillende gawes toebedeel, soos wat Hy goeddink. Die gawes van die Gees word gegee sodat ons ander van diens kan wees en die liggaam van Christus, sy kerk, kan opbou. Hierdie gawes word nie gegee vir ons eie plesier en verheerliking nie. Hulle word uitgestort om God se saak te bevorder.

Daarom is geestelike gawes van nul en gener waarde sonder die vrug van die Gees. Dis interessant dat binne die konteks van die geestelike gawes, word daar dikwels na liefde verwys. Direk na 1 Korintiërs 12 kom die grootste beskrywing van liefde in hoofstuk 13. Efesiërs 4:11-13 word gevolg deur verse 15 en 16 waarin daar ook na liefde verwys word. Die volgende verse na Romeine 12:3-8, waar die gawes van die Gees gemeld word, praat ook van liefde (*sien Rom. 12:9, 10*).

Trouens, die gawes is almal gawes van genade; dit is dus gawes van liefde. Dit word uit liefde gegee en dien ook die liefde van God deur na ander uit te reik. Deur ander lief te hê, openbaar onsdie liefde wat God vir hulle het. 'n Liefdevolle en almagtige God voorsien die middele om dit te bereik waarvoor Hy sy mense die opdrag gegee het. Daarom is liefde moontlik die grootste gawe van almal (*1 Kor. 13:13*).

Waarom is liefde die spilpunt in alles wat ons as Christene doen? In watter sin “bemagtig” die liefde ons dus in ons getuienis?

God, die oppermagtige Gewer van die geestelike gawes

Dit nie ons wat besluit watter gawes ons het nie. Die Griekse woord vir gawes van die Gees is charismata—dit is gawes van genade, uitgestort en deur God Self gegee. Ons verdien dit nie deur ons status, posisie, eer, opvoeding, of geestelike optredes nie. Hierdie gawes word vrylik uit liefde gegee, sodat ons die taak kan uitvoer wat God aan ons toevertrou het.

Lees Efesiërs 4:7. Dikwels dink ons dat die Heilige Gees die Een is wat geestelike gawes uitdeel. Die apostel Paulus verbind ook Jesus met die gee van gawes. Hoe is Jesus betrokke by die gee van gawes?

Paulus sê dat die genade van God Hom die reg toeëien om die gawes aan ons te gee. Maar dit is die Heilige Gees wat dit aan die lidmate van die kerk uitdeel. Diegene wat Jesus Christus as hulle persoonlike Verlosser aangeneem het, en in Hom glo, sal deur die Heilige Gees toegerus word met geestelike gawes “soos Hy wil” (1 Kor. 12:11). Die uitstort van die gawes is God se oppermagtige besluit.

Aangebore vermoëns as sodanig is nie ‘n geestelike gawe nie. Geestelike gawes is nie dieselfde as natuurlike talente wat ‘n persoon deur intense opvoeding ontwikkel het nie. Talle nie-Christene is ook geseën met sulke voorsienige (toevallige) talente. Alhoewel elke goeie ding en volmaakte gawe uiteindelik van God af kom (Jakobus 1:17), het God besluit om sy volgelinge met spesiale gawes toe te rus sodat hulle ‘n seëning in die lewens van ander Christene kan wees en om sy kerk op te bou. God kan ook ‘n natuurlike talent aanwend vir daardie doel wanneer die persoon herken dat so ‘n talent ook uiteindelik van God kom, en dan daardie talent in nederigheid en met gebed toewy aan die werk van die Here.

Wat sê Paulus aan sy lesers in 1 Korintiërs 12:14-31 aangaande die uitdeel van die gawes? Waarom is hierdie perspektief so belangrik vir die begrip van hoe geestelike gawes in die kerk funksioneer?

Dit is die Heilige Gees wat die gawes uitdeel volgens sy kennis en wil. Aangesien Hy ons liefhet en die beste weet hoe ons Hom effektief van diens kan wees, behoort ons nie afgunstig op ander en hulle gawes te wees nie. Om afgunstig op ander se gawes te wees, is ‘n teken van ondankbaarheid teenoor God en ‘n twyfeling aan sy wysheid oor hoe Hy hierdie gawes uitdeel.

Watter gawes het God aan lidmate van jou kerk toevertrou? Watter boodskap kan jy uit hierdie feit haal dat verskillende mense verskillende gawes besit?

Die doel van die geestelike gawes

Lees Romeine 12:3-8 en Efesiërs 4:8-12. Wat is die doel van die geestelike gawes wat God aan ons skenk?

Die geestelike gawes is beslis gegee vir diens, nie vir ons heiligmaking nie. Hulle is nie wonderlike toertjies wat ons eie nuuskierigheid bevredig nie, en hulle is ook nie gegee as 'n teenmiddel vir verveling nie. Ons dink dikwels dat die gawes van die Heilige gees gegee is om ons eie geestelike behoeftes te bevredig, of om ons te bemagtig in ons wandeling met God. Die resultaat is 'n siening dat die gawes van die Heilige Gees meer Christengesentreerd is as Christus-gesentreerd. Dit fokus dan meer op onself as op God. Wanneer ons 'n God-gesentreerde perspektief van die geestelike gawes wil herwin, besef ons dat hierdie Godgegewe gawes 'n veelvuldigheid van goddelike doelwitte vervul: dit word gegee om kerkeenheid te bevorder, en om die kerk op te bou (*Efe. 4:12-16*). Dis gegee om die goddelike opdrag van bediening van die kerk voort te sit (*Efe. 4:11, 12*). En uiteindelik word dit ook gegee om God te verheerlik (*1 Pet. 4:10, 11*).

Om hierdie rede word die gawes nooit gegee om onself te bevredig nie. Dis tot stigting van ander (*1 Pet. 4:10; 1 Kor. 14:12, 26*). Dis gegee om geestelike gewin en opbouing vir die hele kerk te wees. Dis 'n tragedie indien hierdie Godgegewe gawes, wat veronderstel is om eenheid in die kerk te bevorder, misbruik word sodat slegs enkele individue verhoog word. Wanneer dit plaasvind, ontvang individue onbehoorlike vernaamheid. Dit gee verder aanleiding tot verdeeldheid en maak die deur oop vir onenigheid.

Te dikwels dink ons aan geestelike gawes in terme van vermoëns en talente wat ons ontvang het. Alhoewel talente betrokke is in geestelike gawes, moet ons dit in gedagte hou dat wanneer die Heilige Gees 'n gawe uitdeel, dit altyd met 'n spesifieke taak of bediening gepaardgaan (*1 Pet. 4:10*). Daarom kan ons dus sê dat geestelike gawes sekere bekwaamhede is wat op bonatuurlike wyse van God kom en deur die Heilige Gees gegee is. Hierdie gawes is geskik vir die persoon vir 'n spesifieke soort diens wat tot opbouing van die kerk is. Om daardie doel te behaal, word 'n uiteenlopendheid van gawes benodig.

Waarom dink jy dat 'n primêre doelstelling van die gawes kerkeenheid is? Hoe kan gelowiges met verskillende gawes kerkeenheid bewerkstellig? Wat moet plaasvind sodat verskillende gawes in die kerk tot seëning kan dien, eerder as iets wat tot verdeeldheid aanleiding sal gee?

Die gawe, toe en nou

Lees 1 Korintiërs 14:1 en vergelyk die verskillende lyste in 1 Korintiërs 12:7-11, 27-31; Romeine 12:3-8; en Efesiërs 4:11, 12. Is hierdie gawes slegs aan gelowiges van die Nuwe Testament gegee? Waarom is hierdie gawes vandag ook beskikbaar?

Daar is sommige Christene wat dink dat die geestelike gawes wat in die Nuwe Testament genoem word, slegs beperk was tot die tyd van Jesus en die apostels. Hulle is van mening dat met die dood van die eerste apostels, het die spesiale geestelike gawes ook opgehou om in die kerk te bestaan. Hulle gebruik 1 Korintiërs 13:10 as bewys van hulle argument, waar die apostel Paulus meld: “Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan.” Ja, daar sal ‘n tyd kom wanneer die gawes sal ophou. Maar dit sal slegs ophou wanneer die volmaakte gekom het, dit is wanneer ons nie langer deur ‘n dowwe spieël sal kyk nie, maar Jesus van aangesig tot aangesig sien wanneer Hy weer kom. Die Bybel sê vir ons dat die geestelike gawes gegee is tot stigting van die kerk (*1 Kor. 12:28*). Paulus doen ‘n beroep op gelowiges om hulle te beywer “met die oog op geestelike gawes” (*1 Kor. 14:1*). Hulle is noodsaaklik vir die welstand van die liggaam. In die afwesigheid van enige skriftuurlike bewys dat God dit afgeskaf het, moet ons aanneem dat Hy dit graag in plek wil hou totdat die kerk sy sendingopdrag voltooi het, en Christus weer gekom het.

Die werk van God sal in die eindtyd voltooi word met krag en sterkte, ver meer as aan die vroeë begin. So lank as wat die kerk geroep is om die wêreld voor te berei vir Christus se wederkoms, sal God nie die lidmate van die kerk sonder hulp laat in die vervulling van hulle sendingtaak nie. Maar hierdie gawes sal nooit die Bybel oortref nie, en nog minder dieselfde plek as die Bybel inneem. Hulle is eerder ‘n vervulling van die bybelse beloftes om gelowiges toe te rus vir die opbou van die liggaam van Christus, en die wêreld voor te berei vir Jesus se koms wat eersdaags gaan plaasvind.

Lees Efesiërs 4:11-13, veral vers 13: “totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ‘n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus”. Wat vertel dit ons aangaande die huidige behoefte aan meer gawes in die kerk?

Die Heilige Gees en die gawe van onderskeiding

Lees 1 Korintiërs 12:10, 14:29 en 1 Johannes 4:1-3. Waarom is die gawe van onderskeiding belangrik?

Alhoewel daar opregte geestelike gawes in die kerk teenwoordig is, waarsku die Bybel ons ook om nie elke gees te glo nie, maar om die geeste te toets aan hulle ooreenstemming met die Skrif, hulle konsekwentheid, en of hulle Jesus as die Here verhoog. “Die onderskeiding van die geeste” (1 Kor. 12:10) is noodsaaklik, want nie elke ding wat voorgee om van God te kom, is waarlik van God nie. Ons word teen demoniese magte gewaarsku wat die kerk wil mislei, en wat sataniese namaaksels van die werklike gawes van die Gees is, byvoorbeeld: valse leringe, valse profesieë, leuenagtige visies (gesigte), onegte spreek in tale, okkultiese genesingskrag, misleidende tekens en wonderwerke, ensovoorts.

Sommige wat egter die geldigheid van geestelike gawes aanvaar het, selfs vandag, plaas ‘n spesiale klem op sommige geestelike gawes en verleen ‘n ongegronde belangrikheid aan die besit van spesiale tekens en wonderdade. Dit is interessant dat Paulus ‘n lys van hierdie onderskeidings meld, direk nadat hy die gawes van “werkinge van kragte” en “profesie” en net voor hy die gawes van “uitleg van tale” noem (1 Kor. 12:10).

Om die kerk in staat te stel om homself in die waarheid en eenheid te bewaar, en om die lidmate teen valse profete te beskerm, en om nie mislei te word deur vals tekens en wonderwerke nie, skenk God aan die kerk die gawe van onderskeiding. Bybelse volwassendheid, kennis, en getrouheid aan God se Woord in geloof en daad, is noodsaaklik om korrekte beoordelings te maak. Die grondslag van alle onderskeiding moet die Woord van God wees. Slegs deur alles te ondersoek (toets) aan die Woord, kan ons verseker weet of wat ons hoor of sien, werklik van God kom, of van elders.

“Die mens wat staatmaak op die werking van wonderdade om sy geloof te toets, sal vind dat Satan, deur ‘n reeks misleidings, ook wonderdade verrig wat net soos regte wonderwerke lyk . . . Moenie tyd verspil en kosbare geleenthede laat verbygaan om die Here met die hele hart en verstand en siel te soek nie. Indien ons nie die waarheid in liefde aanneem nie, sal ons onder die talle wees wat Satan se misleidende wonderwerke in die laaste dae sien, en dit glo. Baie vreemde dinge sal soos wonderdade lyk, wat eintlik niks anders is nie as misleidings wat deur die vader van leuens gefabriseer is. Manne wat onder die invloed van bese magte staan, sal wonderdade verrig.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, vol. 2, pp. 52, 53 (vry vertaal).

Verdere leeswerk:

Lees Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, pp. 511-517, 593-602. Sommige het gevra: “Waarom sien ons nie dieselfde soort wonderdade, soos die wondergenesings van die Bybel, ook vandag nie?” Ons hoor, eerstens, verhale van wonderwerke. En dis beslis so dat sommige mense dit ook eerstehands ervaar het. Tweedens, wanneer ons die Bybel lees, kan ons onder die indruk kom dat wonderwerke nog altyd plaasgevind het. Maar ons kom slegs onder daardie indruk omdat die Heilige Gees die skrywers geïnspireer het om oor gebeure te skryf wat noodsaaklik was vir die totstandkoming van die vroeë kerk, en hierdie gebeure het dikwels wonderwerke ingesluit. Ons kan ons voorstel dat in die meeste gevalle, en die meeste van die tyd, was dinge daardie tyd soos dit vandag ook is: mense is die Woord van God geleer, en reageer dan op die Heilige Gees. En, laastens, skryf Ellen G. White: “Die wyse waarop Christus gewerk het was om die Woord te preek, en om lyding te verlig deur wonderdade van genesing te verrig. Maar ek is opdrag gegee dat ons nie nou op hierdie wyse kan werk nie, want Satan sal sy mag uitoefen deur ook wonderdade uit te voer. God se dienaars kan nie vandag deur middel van wonderdade werk nie, aangesien onegte genesingsdade, wat goddelik skyn te wees, bewerk sal word. Om hierdie rede het die Here ‘n pad uitgestippel waarop sy volk die werk van fisieke genesing kan uitdra, in kombinasie met die onderrig van die Woord. Sanitariums moet opgerig word, en met hierdie inrigtings moet daar werkers aangestel word wat die werk van ware mediese sendingwerk kan voortdra. Op hierdie wyse word ‘n beskermende invloed rondom diegene geplaas wat na die inrigtings kom vir behandeling.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, book 2, p. 54 (vry vertaal).

Vrae om te bespreek:

- 1. Wat is die verskil tussen die vrug van die Gees en die gawes van die Gees?**
- 2. Hoe moet ons dit verstaan dat die gawes deur ‘n liefdevolle en wyse God gegee is, wat ons kan help om die onderskeie gawes in ons kerk te waardeer?**
- 3. Waarom is genesingswonderwerke en ander wonderdade op sigself nie ‘n besliste wyse om die waarheid te bepaal nie? Wat benodig ons daarmee saam?**
- 4. “Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.” (Rom. 12:3, AFR83). Watter noodsaaklike vermaning word hier aan ons gegee? Hoe “baie” moet ons van onself dink?**

